## 30 Mei — Daniël 4:1-37

### *Alles loop uit op dit wat God wil*

Dit gaan rustig in my lewe en alles is onder beheer, maar dan kom daar ook in my lewe 'n "maar toe". Daardie groot "maar toe" waaroor jy nie beheer het nie, wat jou fondamente skud: Maar toe die ongeluk.... siekte ... dood... misdaad... sonde... Wanneer dit met Nebukadneser gebeur (4:5), hanteer hy dit weer self soos hy nog elke keer gedoen het, maar weereens gee sy eie hantering nie 'n oplossing nie; inteendeel, sy "eie ek" vererger dit. Maar hierdie keer breek God vir Nebukadneser in. Hy skree as't ware op hom. Nie net sy koninkryk nie, maar ook sy menswees word aangetas. Alles wat vir hom saak gemaak het word in een oomblik van hom af weggevat.

Die eertydse groot koning word nou nie meer met duisende soldate gekonfronteer nie, maar met homself en met God. En dan, as die vasgestelde tyd verbygegaan het, kyk Nebukadneser uiteindelik na die hemel op en kry hy sy verstand en sy waardigheid terug. Dit wat God met groente begin het (hoofstuk 1), loop daarop uit dat die magtigste man in die heidense Babiloniese ryk God prys, eer en loof. God was klaar met Nebukadneser, want hierna verdwyn hy van die toneel. Maar God is nog nie klaar met jou nie. Nebukadneser is dood, Daniël is dood, maar Christus leef en daarom kan jy ook na die hemel opkyk en jou lewe terug kry. Nie net jou lewe nie, maar deur die Heilige Gees se werk kry jy ook nog daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan omdat God oor ons gedagtes en harte die wag hou (Fil. 4:6, 7).

Sing: Psalm 31:1, 4 — Ds. P.C. van der Walt (Phalaborwa)